# SPEAK LIFE III: The conversation between you and the enemy

*"**En laat ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose...**" **Matt 6:13***

## Saambid

Begin hierdie bybelstudie weer deur eers saam te bid. (*Die hele reeks gaan oor die impak van ons woorde, en in gebed het ons 'n geleentheid om 'n verhouding te herstel met nuwe woorde...)*

- **Dankie sê:** Gee vir elkeen kans om vir die Here dankie te sê vir net een saak
- **Belydenis**: Gee vir elkeen kans om een saak te bely – *as julle vrymoedigheid het, hardop, anders in stilgebed – dit bied elkeen die kans om baie eerlik te wees (onthou: die Here weet in elke geval wat dit is)*
- **Voorbidding:** Gee vir elkeen kans om vir die Here te vra vir net een saak

## Saamlees

**Wie se skuld is sonde, swaarkry en lyding in ons lewens?** *(God, die duiwel, ons eie, omstandighede, of ander mense... of dalk 'n kombinasie van almal...?)*

**1.** Die Bybelskrywers erken dat **die bose 'n groot rol speel** in die vernietiging van gelowiges se lewens. Wat sê die volgende Skrifgedeeltes is **die plan van die bose** in ons lewens?

- **1 Petrus 5:8-9**
- **Efesiërs 6:10-13**
- **Matteus 13:3, 19**

**2.** Maar ons kan met redelike sekerheid ook sê dat **ons nie arme slagoffers** is van die werk van die bose nie en **'n keuse kan maak**. Wat wil die volgende Skrifgedeeltes daaroor sê?

- **Jakobus 1:12-15**
- **Jakobus 3:2-6**
- **Spreuke 13:3**

**3.** Ons diepste oortuiging is egter dat die **bose se mag en invloed in ons lewens beperk** is. Watter versekering wil die volgende Skrifgedeeltes vir ons gee oor **wat die Here doen**?

- **Matteus 6:9-13**
- **1 Korintiërs 10:13**
- **Kolossense 2:12b-15**

## Saampraat

**Ons woorde het ongelooflike krag**. Elke woord wat ons sê beinvloed onsself en ander mense. Ons mag nooit die effek wat dit ook op onsself het onderskat nie. En die bose wil ons woorde gebruik om ons verhouding met ander mense, met onsself en met die Here te verongeluk. **Hoe gebeur dit** as ons skinder... ongeduldig word in verkeer... vloek of lelik praat... jaloers is op ander?

**Watter praktiese raad gee Efesiërs 4:25-32 hieroor** en hoe kan dit ons help om met ons woorde nie vir die duiwel 'n vatplek in ons lewens te gee nie**?**

**v 25**

**v 26**

**v 29**

**v 30**

**v 31-32**

**Ons kan beter word in hoe ons praat.** Ons almal is soms baie skerp met ons antwoorde, sê soms goed voordat ons mooi daaroor dink en die duiwel gebruik dit om verhoudings te vernietig. **Elke gesprek** het die potensiaal om 'n geleentheid te word waarin ek kan groei of ander kan opbou of waarin ek toegelaat word om negatief beinvloed te word of ander af te breek.

### GROOT UITDAGING VIR DIE WEEK:

- ***Maak tyd om hierdie week baie te bid en die Here te vra om jou te bewaar in versoekings. Lees weer die Onse Vader gebed in Matteus 6:9-13 en bid dit gereeld deur die loop van die week.***

- ***Elke keer as daar 'n versoeking op jou pad kom, of jy wil iets lelik van iemand sê of kwaad raak, vra die Here om jou krag te gee en ander gedagtes te gee om anders op te dink en op te tree.***

## Afsluiting

**Bid weer saam en vra die Here om julle met hierdie week se challenge/uitdaging te help... om na 'n ander stem oor ons en in ons harte te luister.**